

6148 995 90

UV - UFS  
BLOEMFONTEIN  
BIBLIOTEK LIOPAS

*Antropologiese spel met identiteit(e): Selfrefleksie op die  
Afrikaner*

Professorale intreerede: P.A. Erasmus

Departement Antropologie  
Universiteit van die Vrystaat  
Posbus 339 Bloemfontein, 9300  
2003-09-17

University Free State  
  
3430002622433  
Universiteit Vrystaat

## 1. Inleiding

Verskeie kommentators (Bekker 1993:24-28, De Beer 1998:38, Kriel 1998:23 en Slabbert 1999:61-62) vestig die aandag daarop dat die postapartheidsbedeling in die algemeen nie besonders verbruikersvriendelik teenoor die kwessie van identiteit is nie<sup>1</sup>. Volgens Hendriks (2000:292) is dit juis vir Afrikaners nie maklik om dié toedrag van sake te verwerk nie.

Dit is opvallend dat wit Afrikaanse antropoloë die bestudering van die veranderinge wat die Afrikaner se kultuur en identiteit ondergaan het<sup>2</sup> (of besig is om te ondergaan), grootliks verwaarloos het. Dit het meegebring dat Afrikaanssprekende antropoloë se bydraes tot diskoerse oor hedendaagse kwessies wat die Afrikaner raak (kultuurregte, taalregte, identiteit en hoe die sogenaamde “nuwe” Afrikaner lyk) relatief beperk is. Hierteenoor het (wit) Afrikaanse antropoloë gedurende die apartheidsjare baie aandag aan akkulturatiewe studies in Suid-Afrika gegee (vgl. die lys van magisterkandidate en promovendi oor twee dekades aan die Universiteit van Pretoria – Eloff & Coertze 1972:376-378). Dié studies het sonder uitsondering oor die “ander” gehandel en daar is hoofsaaklik gefokus op swart groepe en die mate waartoe hul tradisionele kulture, ten spyte van kontak met die Westerse kultuur, gekontinueer het. Voorgenoemde vakkundige belangstelling was in lyn met die heersende teoretiese oriëntasie van die

---

<sup>1</sup> In die postapartheid Suid-Afrika is die kwessie van kulturele identiteit en die rol van taal as merker daarvan, 'n sensitiewe en ingewikkelde een: Identiteit is deur die apartheidsideologie gemobiliseer en is gebruik om die apartheidsideologie te regverdig. Die huidige regering, op sy beurt, het enersyds nie die bronne, infrastruktuur of kapasiteit tot sy beskikking om volledig bystand te verleen aan sy verklaarde oogmerke tot die bevordering van kulturele minderheidsregte nie, en is andersyds verbind om 'n algemene Suid-Afrikaanse patriotisme en identiteit te bevorder.

<sup>2</sup> Met die aanvang van die twintigste eeu was die Afrikaner midde-in 'n kulturele bedreiging wat sy identiteit in gedrang gebring het. Die voormalige Boere-republieke het hulle onafhanklikheid verloor (1902) en daar was die verarming van die Afrikaner gedurende die depressiejare (1933), die verlies aan sy grond en verstedeliking wat daarna gevolg het. Latere faktore soos die opkoms van 'n middelklas en die politieke transformasie van 1994 het 'n ewe beduidende invloed op Afrikaner-identiteit gehad.

Amerikaanse Kulturele Antropologie van daardie tyd - 'n denkskool waarby Afrikaanssprekende antropoloë sterk aansluiting gevind het<sup>3</sup>.

In hierdie voordrag fokus 'n Afrikaanse antropoloog nie op die tradisionele antropologiese "ander" nie, maar op "ons". Die subjektiewe ervaring waarvan hier sprake is, veronderstel dat 'n lid van 'n groep oor belangrike binnekennis beskik rakende historiese momente, diskoersvoering, affekte, aksente, afkeure, uitdrukkings, humor, ensovoorts. In die publikasie *Writing culture* (1986) betoog die skrywers, Clifford & Marcus, met verwysing na Geertz en sy navorsing onder die Balinese, dat sowel die navorser as die nagevorste in hul onderskeie webbe van simbole en idees vasgevang is en dat daar ook aan die kultuur van die navorser/antropoloog aandag gegee moet word. Per slot van sake lees, skryf en skeep hy etnografiese tekste en daarom moet hyself gereflekteer word en sy retoriek, asook die wyse waarop hy sy outoriteit skeep en bevestig, moet gedekonstrueer word (Agger 91:119, Clifford 1986:2 en Van Vuuren 1997:136-137).

Aansluitend by bogenoemde uitgangspunt, is dit die doel met hierdie voordrag om op 'n selfdekonstruktiewe wyse oor Afrikanerskap te besin. Meganismes vir naamgewing of toe-eiening benut tot 'n groot mate etikette soos "ras", "kultuur" en "etniese identiteit". Voorgenoemde etikette produseer 'n verwagte wyse van moontlike aksies/optredes en kan omtrent nie gebruik word sonder dat die gebruiker nie onmiddellik ideologies geplaas word nie. Omdat hierdie begrippe ook sentraal staan in die antropologiese hantering van groepe, is dit wenslik om dit, "ras" uitgesluit, eerstens in oënskou te neem, waarna 'n toepassing op Afrikaner-kultuur en -identiteit volg. Laastens, word kommentaar gelewer op daardie aspekte wat myns insiens uitstaan in die huidige Afrikaner-debat. Die eerste gedeelte van die voordrag het 'n sterk teoretiese karakter, terwyl etnografiese voorbeelde as toeligting vryelik in die tweede gedeelte aangebied word.

---

<sup>3</sup> Afrikaanse antropoloë het 'n lang geskiedenis van koöptering deur die vorige owerheid en die bydraes (direk of indirek) wat hulle gelewer het tot die bevordering van die (etnos) volksteorie en derhalwe tot apartheid, is wel gedokumenteerd (Dubow 1992, Gluckman 1975, Jansen van Rensburg 1994, Pauw 1980, Sharp 1981).

## 2. Kultuurbeskouings

Die meeste antropologie-handboeke verwys teenswoordig waarskynlik nog steeds na die 1871-definisie van E.B. Tylor oor kultuur<sup>4</sup> (Haviland 2002:34, Kottak 2000:62 en Nanda & Warms 2002:72). Dit beteken egter nie dat daar eenstemmigheid onder antropoloë heers oor wat kultuur is nie; sestig jaar gelede het Kroeber & Kluckhohn (1952) alreeds verwys na die verwarring wat bestaan as gevolg van honderde verskillende definisies<sup>5</sup>.

Volgens skrywers soos Kuper (1994:539), Matthews (1991:170-175), Thornton (1988:20) en Wolf (1994:5) het die Duitse Romantiese tradisie gedurende die twintigste eeu 'n dominante vastrapplek in veral die Amerikaanse Antropologie gekry – tot so 'n mate dat die oorheersende standpunt oor kultuur in terme daarvan ontwikkel het. Hiervolgens is kultuur gesien as die organiese produk van 'n groep mense (Coertze 1966, 1971 en 1972) met taal as die unieke versinnebeelding van die karakter daarvan (Edwards 1985:23, Urciuoli 1995:527, Woolard & Schieffelin 1994:60 en Woolard 1998:16). Hierdie standpunt is/was sterk relativisties georiënteer, dit het kultuur gedefinieer as 'n duidelike, unieke afsonderlike, historiese mag (Herskovits 1947) en dit is aanvaar dat kultuurkenmerke in 'n spesifieke geografiese gebied veranker en vermeerder (Bohannan & Glazer 1973, Garbarino 1983, Hyatt 1990, Matthews 1991, Redfield, Linton & Herskovits, 1936 en Thornton 1988 en 2000 vir meer besonderhede). Benedict (in haar bekende *Patterns of Culture*, 1934) het geargumenteer dat kultuur 'n volledige lewenswyse vorm en dat elke kultuur oor sy eie besondere konfigurasie van waardes, insluitend 'n eie taal, beskik.

---

<sup>4</sup> Tylor definieer kultuur as “that complex whole which includes knowledge, belief, art, law, morals, custom, and other capabilities and habits acquired by man as a member of society”.

<sup>5</sup> In 'n resente publikasies gee Nanda & Warms (2002:74) 'n handige diagrammatiese uiteensetting en vergelyking van die belangrikste antropologiese denkskole (wat wissel van negentiende-eeuse evolusioniste tot postmoderniste) se kernsieninge van kultuur.

Implikasies van die voorgenoemde kultuursiening is onder andere: dit wat mense verskillend laat optree, is kultuur; kultuur funksioneer om die samelewing in stand te hou (Thornton 1988:23 en Whiteley 1971:121); samelewings kan in terme van basiese kulturele teenstellings (byvoorbeeld beskaafd-onbeskaafd en ontwikkelend-onderontwikkelend) georden word (Thomas 1992:549-550 en Garbarino 1983:13); en kultuur beskik oor bepaalde geïnstitusioneerde wyses vir die skepping en oordrag van identiteit (Robbins 1973 in Malan 1990:1-2, Roosens 1989:151 en Timmerman 2000a:97). Só gesien, word identiteit as kultuurverwant beskou (De Beer 1998:34 en Nel 1981). Vir Renato Rosaldo (aangehaal deur Kuper 1994:538) kom dit voor asof die gebruik van die term *kultuur* 'n gevoelige senuwee aanraak, want dit ontketen byna altyd spoedige, benoude vrae oor identiteit. Brown (1997a:31) sê dan ook dat ofskoon antropoloë mag verskil oor die aard en betekenis van kultuur en kultuurgrense, die toewysing van 'n spesifieke kultuur of kulturele kenmerke aan 'n groep ten einde dit te kan identifiseer, 'n algemene verskynsel in die Antropologie is.

Die (geforseerde) koppeling tussen taal, kultuur en identiteit is die wêreld ingedra (onder andere deur kolonialisme) en dit het, volgens Woolard & Schieffelin (1994:60-61) en Urciuoli (1995:527), die dominante model geword oor hoe daar ideologies gedink is oor taalstrukture; hoe meertaaligheid hanteer is; dit het leerstellings rakende die beskerming van groepegte onderlê; dit het die legitimiteit bepaal van enige eise tot volken- en nasieskap; en het die vertrekpunt gevorm van menige politieke strategie wat sosiale dominansie ten doel gehad het<sup>6</sup>.

In 'n voordrag wat Tylor in 1889 aan die Royal Anthropological Institute in Londen gelewer het, aanvaar hy dat daar sekere onderliggende, universele prosesse of eienskappe by alle kulture, as gevolg van die psigiese eendersheid van die mens,

---

<sup>6</sup> Die Suidelike Bantoe Kultuurarea (wat op grond van die unieke grammatikale eienskap van kongruensie identifiseerbaar is (Hammond-Tooke 1993:41-43) is 'n gebied wat strek oor die kontinent vanaf Gaboen in die weste tot Kenia in die ooste. Die klassifikasie van die Bantoe-sprekendes van hierdie gebied in verskillende groepe (vgl. Seligman 1968 en Van Warmelo 1974), het grootliks in terme van politieke oorwegings (hetsy imperialisme, kolonialisme of apartheid) geskied en het nie gegaan om die bevordering van "eie" kulture nie.

teenwoordig is. In reaksie hierop, beklemtoon Sir Francis Galton dat enige historiese verband tussen mens en kultuur, veronderstel dat verwante kulture as 'n eenheid hanteer moet word – in antropologiese literatuur word hierna verwys as “Galton’s problem” (vgl. Erasmus 1985:169-170). Waaroor dit tot 'n groot mate vir Galton gegaan het, is die problematiek wat aan die konstituering van bevolkingseenhede verbonde is. Hoe baken 'n mens die grense van groepe soos stamme of nasies af? En indien jy dit wel gedoen het, hoe word dit gemeet? Omdat kulture nie onafhanklik van mekaar is nie, is 'n korrelasie tussen kultuurtreke nie voldoende genoeg bewys van groepsgrense nie.

Faktore soos globalisering het antropoloë toenemend bewus gemaak van die implikasies verbonde aan Galton se probleem en het die besef tuisgebring dat al minder mense vandag op grond van kulturele oorwegings alleen as “hulle” geëtiketteer kan word (La Fontaine 1985:123-128, Sökefeld 1999:428-429 en Tanno & González 1998:3). Kulture dwarsoor die wêreld is in kontak met mekaar en kultuurgoedere word voortdurend uitgeruil. Kultuur is konstant in wording - onophoudelik word veranderde uitkomst van sosiaal-kulturele prosesse en strukture bewerkstellig (Eriksen 1991:129, Nanda & Warms 2002:87, Peoples & Bailey 2000:309, Segar 1989:97, Sökefeld 1999:429, Stolcke 1995:12 en Wolf 1994:5). 'n Enkele kultuur is dus nie tot die gees van 'n enkele groep te verbind nie - ons almal kan as “kultureel verbaster” beskou word (Bekker 1993:25, Geertz 1975:29, Martin 1995:16-17 en Peoples & Bailey 2000:77). Voorgenoemde siening veronderstel nie dat kultuurspesifieke hoedanighede nie bestaan nie<sup>7</sup>, of dat kultuur geen betekenis vir identiteit het nie. Waaroor dit gaan, is die onsekerheid wat toegeneem het oor geskikte wyses hoe om “onself” vanuit die punt van “ons” kulturele beskouing te verstaan. Volgens Thornton (1990:120) en Timmerman (2000b:18) word kulturele eienskappe en hoedanighede deur denkkonstruksies geformaliseer, geselekteer en in identiteitseembleme omskep. Ideële beslissings bepaal dus

---

<sup>7</sup> Kultuurspesifieke besonderhede is vir Ricoeur (1990) (in Martin 1995:16-17) 'n realiteit, want ten spyte van afstand, geweld en misverstande, ruil mense dit wat hulle het en dit wat hulle weet uit. Sodoende word voortdurend nuwe innoverende prosesse gestimuleer en is kultuurspesifieke hoedanighede vir die realisering van die universele konstituering van kennis en waardes verantwoordelik.

watter betekenis, verstaan en waarde aan kultuur verleen word<sup>8</sup> en watter boodskap mense in hulle sosiale kommunikasie oor die “self” en die “ander” oordra.

### 3. Identiteit

Skrywers (Bekker 1993:5, Bravman 1998, Darnell 1994:7 en Peoples & Bailey 2000:306-307) beklemtoon dat daar tans ’n hernude akademiese belangstelling in identiteit<sup>9</sup> heers. Sökefeld (1999:417) skryf dit toe aan die invloed van die postmodernisme - ’n mening wat deur Kuper (1994:537) gedeel word wanneer hy sê dat identiteit ’n belangrike agendapunt is van die postmodernistiese debat in die Antropologie. Die verwysing na postmoderne sieninge oor identiteit veronderstel dat daar ook moderne standpunte bestaan. Die konvensionele primordiale, instrumentele en opposisionele benaderings tot en verklarings van identiteit kan in hierdie verband genoem word (De Beer 1998 en Marais 1985). Voorgenoemde drie benaderings kan myns insiens egter saamgegroepeer word, want dit berus, in mindere of meerdere mate, op die erkenning van die bestaan van konstante kultuur- en struktuurbeginsels waarsonder identiteit nie enigiets beteken nie (Barth 1969, Cohen 1974, Glazer 1975, Marais 1985, Sarkar 1995:70, Sharp 1988:79 Theodorson & Theodorson 1969 en Tumin 1964). Die verklaring van identiteit geskied in hierdie geval grootliks aan die hand van die interaksie tussen verskillende groepe, en die betekenis in dié verband van veranderlikes soos ’n bepaalde geskiedenis, gemeenskaplike oorsprong en gedeelde belange. Die kern, in kort, van waaroor dit gaan, is dat identiteit in ’n eiesoortige kultuur en waardes gebed is en dat kultuur essensieel is tot die reprodusering van identiteit. Op grond van die

---

<sup>8</sup> Aangesien idees fundamenteel divers, onnoukeurig, wederkerig kontrasterend, implisiet of onuitgesproke is en van tyd tot tyd gewysig word, is ’n veelvoud van beelde en beskouings in hierdie verband ter sprake.

<sup>9</sup> Die konsep *identiteit* neem verskillende betekenisse aan: etniese identiteit, sosiale identiteit, kulturele identiteit, self-identiteit en “Dasein” (Collier 1998:123 e.v., Sökefeld 1999:417 e.v. en Tanno & González 1998:3). In hierdie bydrae gaan dit oor die sosiale en kulturele segmente van identiteit – waarvoor die begrip *etnisiteit* dikwels gebruik word. Die woord *etnies* is afgelei van die Griekse selfstandige naamwoord *ethnos*, ’n term wat “ander” beteken (Nanda & Warms 2002:309 en Seymour-Smith 1992:101). In die Afrikaanse toepassing het die begrip hierdie kwaliteit en betekenis behou (Coertze & Coertze 1996:76).

veronderstelling dat mense gemeenskaplike kenmerke (soos 'n eiesoortige wêreldbeskouing, 'n gevoel vir die eie geskiedenis, die bepaling van normatiewe praktyke, die vermoë om die gebruik en verstaan van 'n spesifieke taal te demonstreeer) deel, word eendersheid in onderskeiding van andersheid beklemtoon. Skrywers (Bates & Rassam 1983:87, Garcia 2000:89 en Wolf 1994:6) benadruk dat lidmaatskap van en identifisering met 'n groep struktureel toegang tot die benutting van (sosiale, ekonomiese en politieke) hulpbronne verleen.

Deur die transaksionele aard van identiteit uit te lig en die persepsies en doelbewuste besluitneming van die sosiale akteurs te beklemtoon, het die Skandinawiese antropoloog, F. Barth (1969), 'n belangrike bydrae gelewer tot die volgende twee sake. Eerstens, is veral die rol van die individu benadruk. Collier (1998:123) aanvaar byvoorbeeld dat individue voortdurend hul identiteite kontekstueel in/deur gesprekke, verhoudings, kontak, die ontwikkeling van sosiale geskiedenis, taalspel, en interpersoonlike en intergroepsdinamika wat verband hou met mag, kontrole, bande van klas, geslag, godsdiens, oortuigings, affiliasies en streeksverskille onderhandel en konstrueer. Die meeste identiteitstudies, volgens Banton (1994:1), Brown (1997b:52) en Martin (1995:6), verreken egter steeds nie die mikro-opvattinge, keuses en ervarings ("small stories" en "life histories") van individue nie, maar fokus op die makrotoestande waaronder groepsidentiteit ontstaan, kontinueer en oorleef het. Gevolglik verwoord dit nie waarom individue op 'n sekere wyse reageer, of wat die aantrekkingskrag, betekenis en bekoring van identiteit vir die individu is nie. Voorgenoemde skrywers redeneer dat indien gefokus word op individuele motiverings, persepsies en ervarings, asook die implikasies van die lidmaatskap van verskillende groeperings, die kans beter is om die verskillende skakels in die veelheid van identiteite waarin die individu staan, te identifiseer.

In die tweede plek is standpunt ingeneem teen die idee dat identiteit 'n onveranderlike bondel objektiewe kultuurtreke is (Roosens 1989:151) wat bymekaargetel kan word ten einde 'n persoon te identifiseer. Die feit dat identiteit posisioneel (na gelang van omstandighede in die verloop van sosiale transaksies, wat



binne of oor groeps grense kan plaasvind) geproduseer en gedefinieer word, beteken dat die kriteria vir identiteitstoeskrywing en -onderskrywing veranderlik in hul aard en uitkoms is<sup>10</sup>. Skrywers (vgl. Barth 1969, Bates & Rassam 1983:85-88, Banton 1994:2, Collier 1998:131, Dominguez 1994:333, Martin 1995:15, Peoples & Bailey 2000:307-309, Sharp 1988:80, Weber (soos aangehaal deur Segar 1989:97), Webster 1991:245 en Wolf 1994:7) is dit eens dat etniese groepe, grense en identiteite nie permanent is nie<sup>11</sup>, en fundamenteel 'n konstruksie van die menslike voorstellingsvermoë is wat nie 'n entiteit met 'n praktiese, konkrete bestaan op sigself verteenwoordig nie. Dit is 'n idee in die gedagte van mense waarvan die betekenis afhang van hoeveel mense dié idee deel. Daarom kan daar nie gevra word na die werklike karaktereienskappe daarvan nie, slegs wie daarin glo en optree asof dit werklik is.

Die enigste manier, vir Martin (1995:6), om identiteit te omgrens en te bestudeer, is deur dit teenoor ander identiteite te kontrasteer ('n mening wat deur Peoples & Bailey 2000:307, Sharp 1988:80 en Wolf 1994:6 gedeel word). Voorgaande handeling het dus andersheid nodig: om, aan die een kant, oor 'n gevoel van gedeelde selfheid te beskik, moet jy jouself sien as identies tot, wat impliseer dat jy anders is as ander. Die vooropgestelde ander moet egter, aan die ander kant, bereid wees om jou identifisering te aanvaar, wat betref die praktiese beperking wat die toe-eiening van identiteit mag meebring, sowel as die betekenis van wat dit nie (vir jou) is nie (Bates & Rassam 1983:86 en Cattell 2001:13).

Soos in die geval van self-/eieheid, is ook andersheid nie 'n natuurlik konstruksie nie, maar 'n konstruksie van die menslike voorstellingsvermoë. Die betekenis wat aan hierdie konstruksies toegeken word, kom, volgens Martin (1995:2), veral in

---

<sup>10</sup>Die klem wat Barth later (1984 en 1989) op die geskiedenis geplaas het, verteenwoordig 'n skuif weg van sy aanvanklike erkenning van individuele, vrywillige besluitneming en het meegebring dat daar gesoek is na patrone, invloede en effekte binne 'n wyere sosiale en geografiese gebied.

<sup>11</sup>Vir Cattell (2001:12-13) verteenwoordig identiteit 'n samesmelting van twee opposisionele stelle eienskappe wat sowel veranderlikheid as kontinuïteit reflekteer, terwyl Jenkins (1994:218) noem dat identiteit prakties gesproke voltooid kan wees (dit is wat dit veronderstel is om te wees), maar dat dit nie in 'n statiese vorm kan verkeer nie.

identiteitsnarratiewe na vore. Wanneer identiteit ontlep en aangebied word binne die konteks van 'n narratief, gaan dit oor taal, individuele ervarings en kollektiewe herinterpretasies.

### 3.1 Identiteit as 'n narratief

Identiteitsnarratiewe is vir Martin (1995), in aansluiting by Ricoeur (1990), een van die mees volledige mediums vir die uitdrukking van identiteit. Die persoon as 'n karakter in die narratief is nie te skei van sy ervarings nie, en omdat die narratief voorsiening maak vir die herorganisering van die ervarings is dit uiteindelik die aard van die narratief wat aan die karakter sy identiteit verleen. So gesien, is identiteitsnarratiewe terselfdertyd fiktief en werklik, laat dit ruimte vir variasie van die verlede en die toekoms, is dit 'n ope identiteit wat betekenis gee aan die individu se gebruike en optredes, en is dit vir die self, asook vir die ander bedoel. Ofskoon die inhoud van narratiewe individuele ervarings, identifikasies en sosiale verhoudings reklameer, is dit wat die narratief oordra nie net afkomstig van die een wat praat of skryf nie. Dit berus op, en is afgelei uit die herinterpretasie van die kollektiewe (groep-) sisteme. Met ander woorde die narratief artikuleer ten opsigte van groepsidentiteit die kriteria wat die groep nodig het vir selfidentifisering. Hierdie kriteria sluit die volgende in (wat nie noodwendig altyd saamval met identiteit nie - Lewis 1990:299, Sharp, 1988, Peoples & Bailey 2000:308 en Wolf, 1994:6): taal, godsdiens, leefruimte, ras, beroep, sosiale posisie, ouderdom, of 'n kombinasie daarvan. Wanneer grense in terme van hierdie kriteria getrek word, ontwikkel lede 'n gevoel van gemeenskaplikheid wat hulle van ander groepe onderskei. Die produsering van narratiewe rondom 'n stel gevoelens vereis, aan die een kant, 'n seleksie uit die globale ervarings van die groep en, aan die ander kant, dat dit wat potensieel verdelend is en die amalgamasie van die groepsbewustheid kan teenwerk, onderdruk en uitgeskakel word (Martin 1995:11-12). Elemente in die identiteitsnarratief wat oor die potensiaal beskik om mense te beïnvloed, word rondom die volgende drie pilare ge(her)organiseer:

*Verhouding met die geskiedenis:* Die historiese konstruksie van identiteit word in die algemeen van groot belang geag (Cattell 2001:13-15 en Stanton 1996:173). Skrywers (Brown 1997a:36 en 41, Martin 1995:12 en 15, Peoples & Bailey 2000:308 en Van Staden 1997:30) waarsku egter teen die oorbeklemtoning van die veronderstelde belangrikheid van eksakte historiese gebeure, want by die skep van identiteite gaan dit om subjektiewe historiese interpretasies en nie oor 'werklike' historiese feite nie. Vir Degenaar (in Cattell 2001:15) val die inherente onstabiliteit van identiteit saam met die vloeibaarheid van die historiese konteks as gevolg van die voortdurende herinterpretasie daarvan.

*Verhouding met ruimte:* Ruimte word in narratiewe aangebied as die lokaliteit waar die noodsaaklikhede van die lewe beskikbaar is; waar die gemeenskap hulself kan onderhou en vermeerder; waar mense glo hulle behoort omdat hul voorvaders daar begrawe is; waar bepaalde vorme van sosialiteit voorkom; waar bepaalde gewoontes die onontbeerlike bestanddele van 'n goeie lewe uitmaak; en waar mag op 'n sekere wyse deur sekere persone uitgeoefen word (Wicomb 1998:367).

Cattell (2001:11) onderskei tussen subjektiewe, sosiologiese ruimte (die identiteit van die individu as enkeling) en geopolitieke ruimte (wat nasionale identiteit reflekteer) en verbind identiteit en ruimte narratologies aan die dialektiek tussen "home/tuiste" (wat die aanspraak van "behoort tot" versinnebeeld) en die afstand weg daarvan (wat "vertrek", "verlange" en "terugkeer" aandui). In aansluiting by Said (1995), voer Cattell (2001:11-12) aan dat tuiste die vertrekpunt vir die verkenning van nuwe ruimtes is, maar ook dien as die punt waarna verlang en herhaaldelik teruggekeer word – sodoende word nuwe/vreemde ruimtes met die bekende ruimte en sy gevoel van "behoort tot" geïntegreer. Voortdurende (fisiese en simboliese) tuiskoms en vertrek bring mee dat grense vervloei, en dat die band wat die verhouding tussen individu en die 'ruimte van oorsprong' onderlê (m.a.w. sy identiteit), voortdurend herdefinieer word.

*Verhouding met kultuur:* Wanneer mense deur middel van identiteitsnarratiewe met kultuurspesifieke aanbiedinge en hoedanighede gekonfronteer word, beskik hulle konsekwent oor die keuse om dit te aanvaar, te verwerp of aan te pas.

### 3.2 Identiteit as 'n keuse

Aansluitend by die standpunt wat hierbo gestel is oor die rol van die individu by die konstruering van groeperinge en identiteite, is skrywers (Banton 1994:2, Bates & Rassam 1983:85-88, Bekker 1993:12-13, Martin 1995:14, Segar 1989:97 en Sharp 1988:80) dit oorweldigend eens dat dit vrywillige verhoudings is wat bepalend is tot die sonderlingheid van die persoon, sy verhoudings met andere, en wat groeperinge tot gevolg het. Wanneer aanvanklike verhoudingspatrone tussen individue om die een of ander rede verander, verander die individu se verbondenheid ook. Die individu verkeer dus in 'n meebringende, sowel as in 'n marginale posisie, teenoor die groep. Groepslidmaatskap en die mate waarin die individu met 'n groep identifiseer, is verander- en wisselbaar<sup>12</sup>. Individue kies bewustelik of onbewustelik tussen alternatiewe bronne vir identifikasie wanneer sosiale en ekonomiese situasies gedefinieer of gemanipuleer word.

---

<sup>12</sup> Daar is antropoloë soos Malan (1990:1-2) en Nel (1981:21-23) wat onderskei tussen primêre (etniese) en sekondêre identiteite en eersgenoemde sien as die basiese identiteit waaroor 'n individu as gevolg van geboorte en enkulturasie beskik. In dié verband word die belangrikheid van primordiale waardes beklemtoon. Voorgenoemde verwys na die betekenis van geboorte en herkoms, en daardeur na die permanente aard van die verbintenis met 'n spesifieke groep verwante (Geertz 1963 en Shils 1957). Dit word deur die Reformatories-wysgerige tradisie verwoord as 'n normatiewe skeppingsgegewe (Strauss 1999:13-14) – op grond waarvan volkskap beskou word as die resultaat van die skeppende werksaamheid van God (Strydom 1982:59). Die verandering van etniese identiteit word in beginsel as feitlik onmoontlik aanvaar (De Beer 1998:39).

Grosby (1994:165) bevraagteken die verklaring van identiteit in terme van die primordiale faktor (Dit wat samestellend en kenmerkend van die familie is, is in ruimte en tyd aan strukturele variasie en verskuiwing onderworpe en verteenwoordig nie 'n eksistensiële primêre patroon van menslike verhoudings wat fundamenteel tot die grotere, kulturele kollektiwiteit is nie.), terwyl daar, volgens (Trigg 1985:180), ooreenkomstig dié siening ook moeilik gepraat sou kon word van 'n "algemene menslike hoedanigheid" (Collins 1985:71) in terme waarvan dit vir mense moontlik is om te klassifiseer, verifieer en falsifieer, konseptuele voorstellings te maak, en rekenskap te gee van doelbewuste keuses en besluite.

Die individu word gedurende sy lewe met ontelbare moontlikhede gekonfronteer waar hy moet besluit oor identifisering met verskillende waardes en groepe, die in verband bring van verskillende identiteite met mekaar, asook die versoening van kontradiksies tussen identiteite. Logies gesproke, is dit dus die individu wat die betekenis konsipieer wat aan die begrip identiteit geheg word. Identifisering is 'n persoonlike aangeleentheid en verteenwoordig die resultaat van veelvuldige keuses wat voortdurend uitgeoefen word.

Teen die agtergrond van dit wat tot hiertoe oor kultuur en identiteit in die algemeen gesê is, word vervolgens na die Afrikaner gekyk.

#### 4. Afrikaner-kultuur

Ofskoon dit, volgens Degenaar (1987:233), foutief is om die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme op die geskiedenis van die sewentiende-eeuse Afrikaner<sup>13</sup> te projekteer, is dit insgelyks nie korrek om feite, gebeurtenisse en uitsprake van daardie tyd wat 'n rol gespeel het in die latere historiese bewuswording van die Afrikaner te ignoreer nie (Kapp 1999:17). Wat in dié verband deur Dalcanton (1973:305-306), Rhodie (1969:6-26) en Tatz (1962:1-3) beklemtoon word, is dat dit by die aanvanklike vorming van die Afrikaner nie gegaan het om die vestiging van 'n onafhanklike politieke sisteem (lees kultuur) nie, maar oor die rassekwessie. Hoewel laasgenoemde 'n komplekse aangeleentheid in die agtiende-eeuse Kaap was (Du Toit & Giliomee 1983:6 e.v.), aanvaar Degenaar (1987:245) dat die rassekwessie wel 'n rol gespeel het ten opsigte van die etnogenese van die Afrikaner<sup>14</sup>.

---

<sup>13</sup> In die algemeen word die Afrikaner gedefinieer as 'n wit Suid-Afrikaner wie se moedertaal Afrikaans is. Verskeie standpunte bestaan egter hieroor (Coertze, 1983:88-89 en Coertze & Coertze, 1996:4), asook waar die term sy oorsprong vind (Strydom, 1982:57 en Breytenbach, 2000:52).

<sup>14</sup> Skrywers soos Degenaar (1987), Du Toit & Giliomee (1983:xxv-xxx) en Giliomee & Adam (1981) is van mening dat 'n enkele, dramatiese "kwantumsprong" nie in dié verband geïdentifiseer kan word nie. Traumatiese ervarings soos die Anglo-Boereoorlog en die verlies aan vryheid, kan egter as belangrike stimuli vir die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme gesien word (Dubow 1992:210).

Op dié punt is dit nodig om vir eers na twee aangeleenthede te verwys wat in die algemeen as belangrik vir etnogenese beskou word. Eerstens, wanneer mense in terme van hul haat of afkeur teenoor die "ander" gemobiliseer word, kan daar, volgens Martin (1995:10), nie sprake wees van 'n veronderstelde gemeenskap met 'n eie kultuur nie. Tweedens benadruk Roosens (1989:151-154) dat daar in die geval van etnogenese by die meerderheid groepslede 'n beduidende vorm van relativistiese (kritiese) insig in hul kultuur teenwoordig moet wees, en dat die eie kultuur aktief bevorder moet word deur 'n positiewe beeld uit te dra (vgl. ook Besnier 1990:426, Martin 1995:6, Peoples & Bailey 2000:307, Pratt 1998:77 en Sharp 1988:80 hieroor). Die volgende vrae kan nou gestel word: Beskik die Afrikaner oor 'n kritiese insig in sy kultuur? Wat het die Afrikaner positief omtrent homself aan te bied? En het hy sy kultuur aktief bevorder?

Dit is nie maklik om antwoorde op voorgenoemde vrae te verstrek nie; dit is sensitief en verskillende standpunte word gehuldig. Afrikaanse akademici soos Coertze (1982), Giliomee (1975 en 2003), Thom (1969), Schoeman (1980) en Strydom (1982) benadruk in die eerste plek byvoorbeeld die betekenis van bepaalde etniese en kulturele waardes, insluitend taal, by die ontstaan van die konstruksie *Afrikaner*. Tot die onlangse verlede is die bestaan van 'n duidelike, afsonderlike, unieke Afrikaner-kultuur algemeen in Afrikanergeledere aanvaar (Degenaar 1987 en Giliomee & Adam 1981:99) - vandaar die menigte kultuurorganisasies (Afrikanerbond, Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, Rapportryers, Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, ensovoorts) wat hierdie kultuur in plek moes hou, ontwikkel en beskerm. Die strukturering, werking en betekenis van die Afrikaner se kultuur is verstaan en verklaar in terme van die (meestal gedwonge) koppeling tussen volk en kultuur, met taal as die unieke versinnebeelding van die karakter daarvan.

Hoewel Afrikaans eers in 1925 amptelike erkenning verkry het, word aanvaar dat dit lank voor dié datum reeds 'n kultureel samebindende faktor was wat 'n rol gespeel het in die skepping van die Afrikaner met sy eie identiteit (February 1998:14, Kruger 1989:6, Strydom 1982:58, Thom 1969:26 en Van Jaarsveld 1959:177). Volgens Cattell (2001:13) het die Tweede Taalbeweging die Afrikaner se historiese bewussyn versterk en het

Afrikaans die Afrikaner se verbondenheid aan 'n nasionale plek van oorsprong gerig, tot die algemene verering van die Afrikaner-verlede gelei en die mitiese oorsprong van die volk opgeroep. Cattell (2001:14-15) toon aan hoe die mitiese narratiewe wat Preller oor die Afrikaner se nomadiese verlede geskep het, verskeie sleutelmitos oor Afrikaner-nasionalisme verwerk het tot 'n reeks kulturele produkte wat tot 'n toename in die bewustheid in, en die gewildheid van die Afrikaner-geskiedenis gelei het. 'n Nuwe trots op volksimbole en -rituele het bygedra tot die ontwikkeling van 'n individuele identiteit wat nouverbonde was aan 'n ontluikende nasionale identiteit. Die genre van die plaasroman, met die tesis dat die Afrikaner sy onafhanklikheid en eventueel sy identiteit sal verloor indien hy sy grond verloor, het stukrag verleen aan die kontekstueel gekonstrueerde konsep *Afrikaner-kultuur* (Wicomb 1998:372).

'n Tweede standpunt waarna verwys kan word, is die siening van O'Meara (aangehaal in Degenaar 1987:254 en Sharp 1981:27-28) dat die Afrikaner van die jare dertig byna uitsluitlik oor 'n algemene werkerskultuur beskik het. Kruger (1989:6) verwys in hierdie verband na die negatiewe elemente wat die Afrikaner-gees gevorm het, waarvan hy sê "dat die Afrikaner nie 'n lesende, studerende volk is nie en dus 'n gebrekkige kennis het aangaande die moderne wêreld waarin hy homself bevind". In 'n onlangse artikel in *Rapport* (2003-03-02) skryf ene Willem Jordaan oor die godsdienstige debatte van die afgelope tyd in Afrikaner-geledere (die Jesus-seminaar) en vra hoe dit moontlik is dat die sake wat jare gelede al grootliks uitgepraat is in die Westerse wêreld, so 'n nuutjie vir baie Afrikaners is? Die antwoord waarby hy uitkom, lê opgesluit in die "outoritarisme van die denke" en die "geslotenheid van gemoed" van die Afrikaner.

By die lees, in die derde plek, van wat waarskynlik die mees volledige antropologiese bydrae oor die Afrikaner is, dié van die Amerikaner Grapanzano (1986), staan veral een tema uit, naamlik afwagterende vrees. Vrees vir die Illuminati, die Antichris, die Swart Gevaar, die Rooi Gevaar, terrorisme, 'n (destydse) Rhodesiese scenario, en die verloor van politieke beheer en kontrole. (Vandag is daar weer die vrees vir 'n Zimbabwe-situasie, die verlaging van standaarde, regstellende aksie, ensovoorts). Gegee hierdie verlamende vrees (denkwyse), val dit nie vreemd op dat Grapanzano

terme soos *afsonderingsmentaliteit*, *grensmentaliteit* en *laer trek* gebruik om die Afrikaner te tipeer nie<sup>15</sup>.

Wat kan 'n mens met die voorafgaande inligting maak? Dit blyk myns insiens dat daar nie onvoorwaardelik aanvaar kan word dat kulturele oorwegings, wat taal insluit, die uitsluitlike, of oorheersende faktor by die etnogenese van die Afrikaner was nie. Die neiging om "ons" van "hulle" te onderskei op grond van negatiewe rasse-oorwegings, is 'n faktor wat vanaf die begin aanwesig was en dit het 'n beletsel op 'Afrikaner-kultuur' gelaat. 'n Kritiese betragting op die eie kultuur, asook positiewe betrokkenheid by andere in terme van eie kulturele waardes, skyn ook nie prominent teenwoordig te wees nie. Die onsekerheid wat tans onder Afrikaners heers oor 'n geskikte wyse om "onsself" vanuit die posisie van "ons" te verstaan, kan na alle waarskynlikheid toegeskryf word aan die invloed, of die afwesigheid, van voorgenoemde faktore.

## 5. Afrikaner-identiteit

Aanspraak op 'n eie kulturele identiteit was/is vir baie Afrikaners 'n basiese behoefte. Uitstaande kenmerke van hierdie identiteit, soos deur Afrikaners geïdentifiseer, is die volgende:

- Die primordiale faktor is belangrik: Die Afrikaner het 'n goddelike roeping (Strydom 1982:59) en sy bestaan is Christelik-prinsipiële regverdigbaar (Swart 1981:77, Van den Berg 1983:17-27, Van der Wateren 1980:5-6, Van Wyk 1979:101-105 en Vorster 1976:33). Dit is veral die Calvinistiese/Protestantse geloof wat beklemtoon word (Giliomee 2003, Jooste 1977a:63, Krüger 1984:56, Kruger 1989:6, Pont 1991:46 en Strydom 1982:58).
- Vaste strukture en grense word erken (Krüger 1984:58): Volksidentiteit kom in vaste lewensverbande tot uitdrukking (Jooste 1977b:102;) wat stabiliteit en ewewigtigheid (Jooste 1977b:105), asook absoluteitheid verseker (Pont 1991:45).

---

<sup>15</sup> Dieselfde ingesteldheid is waarskynlik steeds aanwesig by Afrikaners – vandaar die aantygings oor hulle onbetrokkenheid en passiwiteit in die nuwe Suid-Afrika, *Rapport*, 2001-10-07, asook hulle onwilligheid om hul verantwoordelikhede en verpligtinge binne Afrikaverband op te neem –(vgl. Breytenbach 1999:x en Slabbert 1999:56-58).



- “Die Afrikaner is blankbewus: Blankheid beteken Afrikanerskap” (Swart 1981:77) en het met biologiese herkoms en voorkoms, asook onderlinge verwantskap te make (Jooste 1977a:61, 1977b:102 en 1987:89). “Verbastering”/ assimilasië (kultureel en biologies) word dienooreenkomstig verwerp (Coertze 1982:52, Jooste 1977b:103, Jooste & Olivier 1980a:47-49 en Jooste & Olivier 1980b:75-92).
- ’n Eie grondgebied word van groot belang geag (Jooste 1977a:63 & 1987:89, Pont 1991:48 en Raath 1991:55-62).
- ’n Streng patriargale gesag, groot gesinne, sterk familiebande en ’n eie taal is belangrik (Pont 1991:46, Strydom 1982:57-62 en Swart 1981:78-79).
- Die Afrikaner is konserwatief, verwerp liberalisme (Venter 1991:8-170) en is eerlik, versigtig, spaarsaam en lojaal (Swart 1981:79).

Bogenoemde wyse van selfdefiniëring het ’n “diskoers van andersheid” geproduseer waarin die Afrikaner sy denkbeeldige “self” gedistansieer het van ’n etnografies en rassies gekonstrueerde “ander” (Afrika)<sup>16</sup>. Daar bestaan verskeie tegnieke vir die skepping, voorstelling en aanbieding van die “ander”. In die meeste gevalle word die “ander” egter as homogeen in ’n kollektiewe “hulle” saamgevoeg, wat dikwels in ’n ikoniese “hy” (byvoorbeeld John) of “sy” (byvoorbeeld Meraai) disintegreer. Hierdie tekstueel geproduseerde en abstrakte “hulle” word in ’n tydlose teenwoordige tyd onder woorde gebring (die kenmerke word aangebied as vasstaande en onveranderlik) en beskik oor geen verankering anders as dit wat deur die verwoording van die “self” geskep is nie (Brown 1997a:30-33). Die karakterisering van die “ander” is in hierdie geval merendeels die omkering van die Europese selfbeeltenis. In die konseptualisering van die nie-Westerse “ander”, het die Westerse “self” as vertrekpunt gedien en die nie-Westerse “ander” is getipeer as die teenoorgestelde. Die volgende eienskappe wat minderwaardigheid beklemtoon, is geskep en aan die nie-Westerse “ander” toegedig:

<sup>16</sup> Soos in die geval met kolonialisme, was die resultaat hiervan vir die Afrikaner vernietigend. Brown (1997a:40) vestig byvoorbeeld die aandag daarop dat kolonialisme nie net die denke, emosies, liggame, grond en arbeid van die inheemse mense gekolonialiseer het nie. Die “beskaafde” koloniseerder se gewaande gewaak teen kontaminering deur die “onsuiwer barbaar”, het tot die onderdrukking van die “self” gelei en sodoende het die koloniseerde die prooi van sy eie “kolonialisme” geword.

ongebonde; nie geïntegreerd nie; afhanklik; nie by magte om hulself refleksief van ander te onderskei nie; kan nie onderskei tussen die individu en die rol en status wat die individu beklee nie; en is onbekwaam om sy eie doelwitte na te streef onafhanklik van die oogmerke van die groep of samelewing (vgl. Bekker 1993:12-14 en 90-92, Bravman 1998:4, Brown 1997a:30-35 en 40, Deacon 1998:48, Lewis 1990:355-356, Mafeje 1971, Sökefeld 1999:418, Traube 1996:129, Van der Walt 1978:1-35 en Wicomb 1998:365).

Identifisering kan, soos aangedui, nooit afgehandel wees nie. Die huidige Afrikaner-debat bevestig dat veranderinge aan die intree is oor hoe, en in terme waarvan Afrikaners hulself identifiseer (vgl. ook die opmerkings van Dubow 1992:209 en Hendriks 2000:293).

## 6. Aspekte in Afrikaner-debat

### 6.1 Die betekenis van die “ander” vir die “self”

Soos aangedui, het identiteit alleen betekenis in verhouding tot die “ander”. Om die beeltenis te ontsluit van diegene wat met die etiket “Afrikaner” aangedui word, moet die aard van die interaksies tussen die Afrikaner en sy betekenisvolle “ander” dus geplaas word in die konteks waaruit dit geabstraheer is. Verskeie bronne (vgl. Breytenbach 1999:x & 2000, *Die Burger*, 1999-09-16, Slabbert 1999:56-58 en Wicomb 1998:366 & 371) berig dat ras en kultuur nie meer eksklusief binne teksverband die Afrikaner-narratief oor identiteit rangskik nie, dat wit:swart-/self:ander-verhoudings ’n groter vloeibaarheid openbaar, en dat Afrikanerskap binne die konteks van Afrika geplaas word. Op grond hiervan kan beweer word dat Afrikaners teenoor die *native* “ander” van die verlede ’n psigoanalitiese “ander” konstrueer waar die voorgeskrewe betekenis van veranderlikes soos gebied, kultuur, ras en geslag “gedeterritorialiseer” word. Ofskoon die verandering van etikette nie noodwendig die aanstootlike wat implisiet in verhoudings teenwoordig mag wees, verminder nie, kom dit voor asof daar onder Afrikaners ’n groter gemaklikheid is in die aanvaarding van, en die omgang met, ’n nie-seksistiese, nie-rassistiese “ander”. Natuurlik is daar diegene wat dit verwerp juis omdat

dit vir hulle niks sê nie, omdat dit nie 'n eksklusiewe basis van die een of die ander aard veronderstel op grond waarvan identiteit gekonstrueer en erken kan word nie.

## 6.2 'n Nuwe Afrikaner-narratologie

Verskeie aanduidings bestaan dat Afrikaner-narratologie in 'n herskeppingsproses verkeer. Eerstens, in narratiewe wat in die verlede geskep is oor die Afrikaner se optredes gedurende die Anglo-Boereoorlog (ABO) (1899-1902)<sup>17</sup>, word hy in die algemeen positief voorgedou as heldhaftig, edelmoedig, karaktervas en regverdig (De Wet & Moll 1998:5-7, Du Pisani 1999:164 en Kruger 1989:6)<sup>18</sup>. In hedendaagse narratiewe oor die ABO word weggedoen met baie van die gevestigde Afrikaner "grand narratives", soos dié oor die heuristiese beeld van die Boerekryger. Die Afrikaner word aangebied as volledig mens – iemand óók met swak gedrag, muitery, vrees, onkunde, uitbuiting en onbeholpenheid<sup>19</sup> - eienskappe wat deel vorm van sy totale identiteitsomskrywing.

Tweedens, vestig Cattell (2001:16) en Wicomb (1998:372) die aandag daarop dat Afrikaanse skrywers soos Etienne van Heerden (*Toorberg*), Marlene van Niekerk (*Die vrou wat haar verkyker vergeet het*), Antje Krog (*Cry, Beloved Country*) en Chris Barnard (*Moerland*) Afrikaner-identiteit 'gerehabiliteer' het van sy tradisionele affiliasie met grond (soos uitgebeeld in die plaasroman) en daarin geslaag het om 'n nuwe nie-boer identiteit te vestig.

---

<sup>17</sup>Die Departement Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit het van 11-15 Oktober 1999 'n internasionale konferensie met 89 referate oor die ABO aangebied met die tema "Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n Herwaardering".

<sup>18</sup>Volgens Peoples & Bailey (2000:308) is dit 'n algemene verskynsel om gedurende tye van oorlog en konflik narratiewe te skep waarin eienskappe soos superieuriteit uitgebeeld word. Daarmee word 'n gevoel van eiesoortigheid geskep wat dit moontlik maak om duidelik tussen "ons" en "hulle" te onderskei.

<sup>19</sup>Vergelyk die volgende bydraes wat tydens die genoemde konferensie oor die Anglo-Boereoorlog gelewer is: De Wet, C. & Du Toit, B.M. "Murder, justice, or fracticide?: The death of George B. Mousley"; Du Pisani, K. "Fact and Fiction: Representations of Boer "heroes" in Afrikaans history writing and literature"; en Verbeeck, G. "Changing perspectives on the Anglo-Boer War. A comparative historiographical approach".

In die derde plek het die Waarheids- en Versoeningskommissie Afrikaner "grand narratives" gedekonstrueer soos nooit tevore nie<sup>20</sup>.

Laastens, kan ook na die rol van die alternatiewe Afrikaanse musiekbeweging en die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, asook die onderskeie streeksfeeste verwys word. Afgesien van vermaak, het eersgenoemde 'n artistieke uitdrukking van protes teen gevestigde Afrikaner-waardes en -beelde bevat (Kriel 1998:16), terwyl laasgenoemde volgens beriggewing daarin slaag om die uitvoerende Afrikaner-kunste te bevry van die ideologiese kontaminering van apartheid (*Rapport*, 2000-04-16 en du Pisani 1999:172).

### 6.3 Die betekenis van taal

Binne kultuurverband is daar seker min aangeleenthede wat soveel emosionele pyn en weerstand opwek as die (vermoedelike) agteruitgang of naderende dood van 'n taal (Jones 1998:3-6). Identiteitskrisisse sentreer, volgens Kriel (1998:23), grootliks rondom taal, en in die huidige Afrikaner-debat lok die posisie van Afrikaans waarskynlik die meeste bespreking uit.

Wanneer antropologies gekyk word na die koppeling taal-kultuur-identiteit, kan die volgende standpunte onderskei word:

1. Kultuur beïnvloed taal: Die kulturele konteks waarin 'n taal gebed is, is nie vir 'n ieder en 'n elk oop om te verstaan nie - dit is slegs vir ingewyde groeplede moontlik

---

<sup>20</sup> Gedurende die week van 2-6 Oktober 2000 het die amnestie verhoor van die voormalige veiligheidsagent, Calla Botha, 'n opgeleide ploffstofdeskundige van die Burgerlike Samewerkingsburo (CSB), in Kaapstad plaasgevind. Hy het getuig hoe hy en 'n medekollega, Slang Slabbert, die Early Learning Centre in Athlone waar lede van die Kewtown Youth Movement byeen was, op 31 Augustus 1989 opgeblaas het. Die veiligheidspolisie het aanvaar dat die Kewtown Youth Movement verantwoordelik was vir bomontploffings by 'n polisiestasie en 'n poskantoor.

Botha het homself beskryf as diep gelowig en 'n Christen "in die ware sin van die woord". Voordat hy die afstandsbeheermeganisme van die Russies-vervaardigde SPM-kleefmyn geaktiveer het, het hy en Slabbert God se seën afgebid. "The simple fact that it (the bomb) went off, showed it was the Lord's will," het Botha getuig. Drie mense is in die ontploffing ernstig beseer.

om tussen die lyne te lees en te vertaal wanneer gekommunikeer word (Edwards 1985:17, Ember & Ember 1996:258, Kottak 2000:87 en Peoples & Bailey 2000:45).

2. Taal verleen toegang tot die spreker se gesigspunt (Grillo 1989:4 en Woolard 1998:11), aangesien dit die gedeelde kultuur van die mense wat dit praat, reflekteer (Lambert 1979:187 en Peoples & Bailey 2000:34). Dié siening berus op die veronderstelling dat die lede van 'n kultuur in dieselfde klassifikasie van die werklikheid deel, dat taal op 'n kragdadige wyse individue se persepsies van die werklikheid vorm, en dat taal die sosiale verhoudings tussen individue reflekteer. Die veronderstelling is verder dat die kategorieë en reëls van taal die voorwaardes beding vir sprekers se persepsies van die werklikheid.
3. Daar bestaan 'n dialektiese interaksie tussen taal en kultuur/wêreldbekouing (Craffert 1997:1, Das & Kolack 1990:149, Dimen-Schein 1977:136, Kearney 1993:5 en Kotze 1984:4-5) wat deur die omgewing (sosiaal, ekonomies, polities, tegnologies, ensovoorts), die geskiedenis (toestande en hoe dit oor tyd ontwikkel het), persoonlike omstandighede en individuele keuses gerig word.

Indien aanvaar word (soos hierbo gesuggereer) dat konsepte en oriëntasies (waaronder kultuur en identiteit) volledig linguisties in oorsprong is en deur taal vergestalt word:

- dan is daar min ruimte vir die verstaan van kultuur en identiteit in terme van enigiets anders, dog die oorsprong, aard, inhoud of betekenis daarvan word egter nie verklaar nie (Brown 1997a:30-33 en O'Brien 1996:192);
- moet die wyse waarop sprekers die wêreld verstaan en voorstel, verander in ooreenstemming met die mate waartoe hulle taalgebruik verander. Daar bestaan, volgens Lambert (1979:187) en Peoples & Bailey (2000:46), geen bewyse dat die (waarskynlik biljoene) mense wat twee- of meertaalig is, die wêreld anders verstaan, ervaar of beleef wanneer hulle verskillende tale gebruik, of in multi-kulturele omgewings woon nie. Die wêreldbekouing van die Engelse byvoorbeeld het die afgelope 150 jaar ingrypend verander sonder dat Engels (as taal) in die ooreenstemmende tydperk noemenswaardige veranderinge ondergaan het;

- raak dit problematies om die moontlikheid te aanvaar dat 'n vreemde taal aangeleer kan word, of dat daarin vertaal kan word. (Watter basis is daar om te aanvaar dat byvoorbeeld Duitsers en Engelssprekendes die wêreld op dieselfde wyse verstaan en dat dit dus moontlik is om van die een taal na die ander te vertaal?).

Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat daar 'n veelkantigheid aan taal verbonde (benewens die kommunikatiewe, word ook simboliese, ideologiese en nie-rationele betekenis aan taal toegeken) wat waarsku teen simplistiese gevolgtrekkings. Om die konklusie verder te voer: Thornton (1990:119) en Woolard (1998:21) vestig byvoorbeeld die aandag daarop dat taal nie in dieselfde mate deur almal in 'n groep as 'n hulpbron benut word wanneer dit kom by identifisering nie. In elke taalgemeenskap is daar beter en slegter taalgebruik (almal beskik nie oor dieselfde taalvaardigheid nie), en word verdelings en verwyderings op grond van geslag, ouderdom, ekonomiese status, verskillende sosiale identiteite, gedrag en rolle verwoord - wat insluit vloekery, leuens, bedrog, kontradiksies, gekkigheid en gebroke logika. Waarop dit neerkom, is dat die vorming en voortbestaan van kultuur en identiteit nie eenlynig, uitsluitlik, of onlosmaaklik aan taal verbindbaar is nie (Bates & Rassam 1983:89 en Edwards 1985:48 en 37). Die vernietiging van taal impliseer daarom nie noodwendig die vernietiging van identiteit of kultuur nie. Onderrig in Khoekhoegoawab is byvoorbeeld deur die vorige bewind tot so 'n mate in Khoekhoe-skole ten gunste van Afrikaans verbied dat die vermoë om dit te praat, lees en skryf feitelik grootliks verdwyn het, maar die identiteit van die Khoekhoe is nie daardeur vernietig nie. Daar is tans 'n sterk herlewing van taal, identiteit en tradisies in die Richtersveld en Riemvasmaak gemeenskappe, soos bevestig word deur die voordragte wat gedurende die National Khoisan Consultative Conference (29 Maart – 1 April 2001, Oudtshoorn) aangebied is en oor die tradisionele godsdiens, kultuur, die rol van die vrou en die rekonstruksie van identiteit gehandel het. So ook het ingrypende ekonomiese veranderinge in Ierland taalverskuiwings teweeggebring, maar nie die dood van Iersheid beteken nie. Dieselfde het met die Jode en Berbers van Marokko gebeur, die prysgawe van hul taal het nie die prysgawe van hul kultuur of godsdiens impliseer nie (Urciuoli 1995:531).

Die uitwissing van kultuur of identiteit beteken nie onvermydelik die dood van 'n taal of taalverskuiwings nie. O'Brien (1996:192) het gevind dat die Kataloniese vroue van St. Llorenç de Cerdans (Frankryk) gedurende hulle ekonomies aktiewe lewe (in fabriek, winkels en die staatsdiens) gedwing word om Frans te gebruik. Tuis is hulle egter die sterkste handhawers en uitbouers van Katalonies (identiteit en taal). Webster (1991) se navorsing onder die Bathonga van KwaZulu-Natal bevestig 'n soortgelyke verskynsel.

## 7. Slotopmerkings

Dit word geraam dat daar tussen 3 000 en 5 000 etniese nasionaliteite oor die wêreld in ongeveer 200 onafhanklike state woon (Peoples & Bailey 2000:329). Dit verg nie 'n rekenkundige oefening om te besef dat die meeste state dus poli-etnies en multi-kultureel is nie. Gegee al die moontlike faktore wat kultuur en identiteit in sulke situasies kan beïnvloed, en dit is voor die hand liggend waarom die kwessies van identiteit en kultuur wye antropologiese belangstelling geniet. In hierdie voordrag waar die idee van (wit) Afrikaner-kultuur en -identiteit belig is, het dit gegaan oor antropologiese wyses van voorstelling, ontleding en beredenering van kultuur, identiteit en die betekenis van taal in dié verband. Daar is van die standpunt uitgegaan dat in die teenswoordige kultuurvervloeide wêreld van onophoudelike histories-veranderende gebeure en die herinterpretasie daarvan, al hoe minder mense eenvoudig op grond van kultuur as "hulle" geëtiketteer kan word. Gevolglik kan vaste verwysingsraamwerke met konstante kultuur- en struktuurbeginsels ook nie ten opsigte van identiteit aanvaar word nie. Laasgenoemde is getipeer as subjektiewe, vloeibare denkkonstruksies wat in narratiewe geopenbaar word en buite die menslike gees geen realiteit vind nie.

Die vloeibaarheid van kultuur en identiteitsgrense beteken dat kultuur en identiteit konstant in beweging is en onderhewig is aan veranderinge ten opsigte van vorm, funksie en inhoud. Dit is belangrik om in hierdie verband erkenning te verleen aan die volgende gesigspunte:

- Dit die mens self is wat aktief besig is om inhoud aan sy bestemming te gee - hy/sy is die akteurs wat aanpas en reageer en wat hulle eie mening oor aangeleenthede het en dienooreenkomstig besluit en optree.
- Al sou dit vir individue moontlik wees om in dieselfde ervarings en omgewing te deel, is dit nog nie te sê dat hulle dit dieselfde sal verstaan, eenderse herinneringe daarvan het, dieselfde besluite sal neem, of ooreenstemmende reaksies sal toon nie.

Toegepas op die situasie waarin die Afrikaner verkeer met betrekking tot sy taal, kultuur en identiteit, beteken dit die volgende: Assimilasie en die gevolglike prysgawe van taal, kultuur en identiteit is nie 'n noodwendigheid in multi-etniese/-kulturele situasies nie (Frederik Barth het reeds in 1969 aangetoon dat etniese groepe vir generasies lank in kontak kan wees sonder om te assimileer, of om in konflik met mekaar te verkeer). Individue kies bewustelik tussen alternatiewe kulturele en identiteitsopsies. Individuele keuses wat sentreer om en verband hou met privaat en openbare aangeleenthede, sosio-kulturele mobilisasie, ekonomies-politieke toegang en simboliese betekenis is wesentlik tot die besluit tussen assimilasië of die handhawing van 'n eie sosiale, ekonomiese of kulturele inhoud. Die betekenis wat aan die verbintenis taal, kultuur en identiteit verleen word, verteenwoordig 'n persoonlike keuse en die Afrikaner moet homself nie bejeën as die passiewe slagoffer van assimilasië (of gedwonge identifisering) nie.

Antropologies word aanvaar dat wanneer mense gekonfronteer word met sosiaal-kulturele transformasie en oorgange waarvoor hulle geen beheer het nie, daar dikwels 'n teruggryp na gebruike, opvattinge en beskouings van die verlede is omdat dit 'n (gewaande) gevoel van sekuriteit bied (Spiegel & McAllister 1991:1). Die feit dat die Afrikaner tans in 'n groot mate in so 'n situasie verkeer, sy magsoorsie prysgegee het en voel dat sy taal, identiteit en kultuur bedreig word, vorm deel van die rasionaal waarom Afrikaner-strewes by sommiges in ekstremisme uiting vind. Die doelbewuste keuses van belangrike rolspelers in die Suid-Afrikaanse politiek gedurende die 1990's het die "onafwendbare" bloedbad en rasse-oorloë wat prominente akademici soos Van den Berghe (1965a en 1965b) vir Suid-Afrika voorspel het, verhoed. In hierdie voordrag is



daar oök geargumenteer ten gunste van doelbewuste besluite deur die Afrikaner om die openbaring van die “ander” tot sy eie identifisering te aanvaar.

’n Laaste opmerking: Wat hier aangebied is, verteenwoordig die interpretasie van ’n Afrikaanssprekende antropoloog. Vir my is dit nie ’n abstrakte, objektiewe wetenskaplike diskussie nie. Die Afrikaner is die gemeenskap waarin ek grootgeword het en in leef en met wie ek ’n besondere band het. As deelnemer aan ’n wyer debat wat tans gevoer word, is ek ten volle bewus van my persoonlike en normatiewe oorwegings, asook dat daar ander en verskillende standpunte is as dié wat hier aangebied is. Maar, dit is my probeer begryp!

## BIBLIOGRAFIE

Agger B

1991. Critical theory, Poststructuralism, Postmodernism: Their sociological relevance. *Annual Review of Sociology* 17: 105-131.

Ardener E (ed.)

1971. *Social anthropology and language*. London: Tavistock Publications.

Banton M

1994. Modelling ethnic and national relations. *Ethnic and Racial Studies* 17(1): 1-19.

Barth F

1969. *Ethnic groups and boundaries: The social organization of cultural difference*. London: Allen & Unwin.

1984. Problems in conceptualizing cultural pluralism, with illustrations from Somar, Oman. Maybury-Lewis (ed.) 1984: 77-87.

1989. The analysis of culture in complex societies. *Ethnos* 54: 120-142.

Bates D & Rassam A

1983. *Peoples and cultures of the Middle East*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Bekker S

1993. *Ethnicity in focus. The South African case*. Pietermaritzburg: Indicator.

Benedict R

1934. *Patterns of Culture*. Boston: Houghton Mifflin.

Besnier N

1990. Language and affect. *Annual Review of Anthropology* 19: 419-451.

Bohannan P & M Glazer

1973. *High points in Anthropology*. New York: Alfred Knopf.

Boonzaier E & J Sharp (eds)

1988. *South African Keywords. The uses and abuses of political concepts*. Cape Town: David Philip.

Bravman B

1998. *Making ethnic ways: Communities and their transformations in Taita, Kenya, 1800-1950*. Portsmouth: Heinemann.

Breytenbach B

1999. Vuur in die vingers: 'n Voorwoord. Slabbert (red.) 1999: v-xiii.

2000. Onderhoud in *De Kat*, Maart: 51-55.

Brown R H

1997a. Cultural representation and ideological domination. Pfeffer & Behera (eds)

1997: 28-50.

1997b. Representation and repression: Rhetorics of ethnicity, nationalism and global community. Pfeffer & Behera (eds). 1997: 51-68.

Carrithers M, S Collins & S Lukes (eds)

1985. *The category of the person - Anthropology, philosophy, history*. New York: Cambridge University Press.

Cattell K

2001. Tuiskoms en vertrek: Die soeke na Afrikaner-identiteit. *Stilet* 13(1): 11-19.

Clifford, J. 1986. Introduction: Partial Truths. In Clifford J & G E Marcus 1986. *Writing Culture: The poetics and politics of ethnography: a School of American Research Advanced Seminar*. Berkeley: University of California Press.

Clifford J & G E Marcus

1986. *Writing Culture: The poetics and politics of ethnography: a School of American Research Advanced Seminar*. Berkeley: University of California Press.

Coertze P J

1966. 'n Prinsipiële en feitlike inleiding tot die studie van die bevolkingsverhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 17(1); 1971, 22(2 en 3) en 1972, 23(3).

1982. Assimilasie, integrasie en amalgamasie. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 33(2): 43-52.

Coertze P J & R D Coertze

1996. *Verklarende vakwoordeboek vir Antropologie en Argeologie*. Pretoria: Coertze & Coertze.

Cohen A

1974. *Two dimensional man: An essay on the Anthropology of power and symbolism in complex society*. London: Routledge and Kegan Paul.

Collier M J

1998. Researching cultural identity. Reconciling interpretive and postcolonial perspectives. Tanno & Gonzalez (eds). 1998: 122-147.

Collins S

1985. Categories, concepts or predicaments? Remarks on Mauss's use of philosophical terminology. Carrithers, Collins & Lukes (eds) 1985: 46-82.

Craffert P F

1997. Opposing world-views: the border guards between traditional and biomedical health care practices. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 20(1): 1-8.

Dalcanton C

1973. *The Afrikaners of South Africa: A case study of identity formation and change*. Ph D-dissertation. Pittsburgh: University of Pittsburgh.

Darnell R

1994. Comments on Wolf, E.R. 1994. Perilous ideas; race, culture, people. *Current Anthropology* 35(1): 7-8.

Das M & S Kolack

1990. *Technology, values and society*. New York: Peter Lang Publishing Inc.

Deacon M B

1998. African philosophy: token academic status or relevance? *Acta Academica* 30(2): 41-65.

De Beer F C

1998. Ethnicity in nation-states with reference to South Africa. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 21(1): (32-40).

Degenaar J J

1987. Afrikaner nasionalisme. Esterhuyse *et al.* 1987: 231-260.

De Wet N C & J C Moll

1998. Die betrokkenheid van swart mense by die Anglo-Boereoorlog in die Vrystaat – 'n histiografiese studie. *Acta Academica* 30(3): 1-31.

Dimen-Schein M

1977. *The anthropological imagination*. New York: McGraw-Hill Book Company.

Dominguez V R

1994. A taste for "the Other". Intellectual complicity in racializing practices.  
*Current Anthropology* 35(4): 333-348.

Dubow S

1992. Afrikaner nationalism, apartheid and the conceptualization of 'race'.  
*Journal of African History* 33(2): 209-237.

Du Pisani K

1999. Fact and fiction: Representations of the South African War in Afrikaans history writing and literature. *New Contree* 45: 164-184.

Du Toit A & H Giliomee

1983. *Afrikaner political thought: Analysis & documents*. Cape Town: David Philip.

Edwards J

1985. *Language, society and identity*. Oxford: Basil Blackwell.

Eloff J F & R D Coertze

1972. *Etnografiese studies in Suidelike Afrika*. Pretoria: Van Schaik.

Ember C R & M Ember

1996. *Anthropology*. Upper Saddle River: Prentice Hall.

Erasmus P A

1985. Boekbespreking: A.J. Norval, 1984. 'n Teoretiese studie van die metodologie van kruiskulturele houdingsmeting. Peretoria: RGN. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 8(4): (169-170).

Eriksen T H

1991. The cultural contexts of ethnic differences. *Man* 26(1): 127-144.

Esterhuysen W P, P V D P du Toit & A A van Niekerk

1987. *Moderne politieke ideologieë*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

February V

1998. Klein begin is aanhou wen. Van Coller (red). 1998: 3-20.

Fortes M & S Patterson (eds)

1975. *Studies in Social Anthropology*. London: Academic Press.

Garbarino M S

1983. *Sociocultural theory in Anthropology. A short history*. Prospect Heights: Waveland Press.

Garcia M E

2000. Ethnographic responsibility and the anthropological endeavor: Beyond identity discourse. *Anthropological Quarterly* 73(2): 89-101.

Geertz C

1975. The impact of the concept of culture on the concept of man. Spain (ed.) 1975: 21-38.

Giliomee H

1975. The development of the Afrikaner's selfconcept. Van der Merwe (ed.) 1975: 17-31.

2003. Apartheid en Verwoerd se komplekse erflating. *Rapport*, 30 Maart 2003.

Giliomee H & H Adam

1981. *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

Giliomee H

2003. *The Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.

Glazer N

1975. The universalisation of ethnicity. *Encounter* 44(2): 8-17.

Gluckman M

1975. Anthropology and apartheid: The work of South African anthropologists. Fortes & Patterson (eds) 1975: 21-39.

Goddard V A, J R Llobera & C Shore (eds)

1996. *The Anthropology of Europe. Identities and boundaries in conflict*. Oxford: Berg.

Grapanzano V

1986. *Waiting: The whites of South Africa*. New York: Vintage Books.

Grillo R

1989. *Social anthropology and the politics of language*. London: Routledge

Grosby S

1994. The verdict of history: the inexpungeable tie of primordiality - a response to Eller and Coughlan. *Ethnic and Racial Studies* 17(1): 164-171.

Hammond-Tooke W D

1993. *The roots of black South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.



Haviland W A

2000. *Cultural Anthropology*. New York: Harcourt College Publishers.

Herskovitz M

1947. Statement of human rights. *American Anthropologist* XLIX: 539-543.

Hendriks H J

2000. Tussen ideologiese ontnugtering en 'n nuwe visie. Waarom Afrikaners se wiele pap is. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 40(4): 292-296.

Howard G & R St Clair (eds)

1979. *Language and social psychology*. Oxford: Basil Blackwell.

Hyatt M

1990. *Franz Boas, Social activist: The dynamics of ethnicity*. Westport: Greenwood Press.

Jansen van Rensburg N S

1994. Anthropology, social change and the reconstruction of South African society. *Koers* 59(1): 3-18.

Jenkins R

1994. Rethinking ethnicity; identity, categorization and power. *Ethnic and Racial Studies* 17(2): 197-223.

Jones M C

1998. *Language obsolescence and revitalization*. Oxford: Clarendon Press.

Jooste C J

1977a. Volksidentiteit. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 28(3): 60-70.

1977b. Volksidentiteit, volkseenheid en pluralisme. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 28(4): 102-116.

1987. 'n Land vir die Afrikaner. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 38(3): 89-95.

Jooste C J & M P Olivier

1980a. Joodse identiteitshandhawing - 'n model vir die Afrikaners? *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 31(2): 38-49.

1980b. Etniese en rasvermenging in wêreldperspektief. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 31(3): 75-92.

Kapp P H

1999. Die identiteitsoeke van die Kaapse koloniste, 1828-1854. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39(1):1-21.

Kearney M

1993. *World view*. Novato: Chandler & Sharp Publishers.

Kottak C P

2000. *Anthropology: The exploration of human diversity*. Boston: McGraw-Hill.

Kotzé J C

1984. *Die verhoudingsimplikasies van wêreldbeskouing: 'n inklusiewe perspektief*. Voordrag gelewer by Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Seminaar oor Wêreldbeskouing (13 November 1984), Pretoria.

Kriel M

1998. Taal en identiteit, en die alternatiewe Afrikaanse musiekbeweging. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. 16(1): 16-26.

Kroeber AL & C Kluckhohn

1952. *Culture: A critical review of concepts and definitions*. New York: Vintage.

Kruger C

1989. Akkulturasie van die Afrikaner vandag, 1961-1985. *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* 45(2): 5-12.

Krüger J C

1984. Die Afrikaner se vryheidstryd: Drie vryheidsoorloë en drie volkstemmings en wat nou? *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 35(3): 54-59.

Kuper A

1994. Culture, identity and the project of a cosmopolitan anthropology. *Man, The Journal of the Royal Anthropological Institute* 29(3): 537-554.

La Fontaine J S

1985. Person and individual: some anthropological reflections. Carrithers, Collins & Lukes (eds) 1985: 123-140.

Lambert W E

1979. Language as a factor in intergroup relations. Howard & St Clair (eds). 1979: 186-192.

Lewis I M

1990. Social Anthropology in perspective. The relevance of Social Anthropology. Cambridge: Cambridge University Press.

Mafeje A

1971. The ideology of 'Tribalism'. *The Journal of Modern African Studies* 9(2): 253-261.

Malan J S

1990. Aspekte van identiteitsvorming en -verandering onder die Wambo. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 13(1): 1-10.

Marais H C

1985. *Die Suid-Afrikaanse samelewing: Werklikhede en toekomsmoontlikhede. RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Martin D-C

1995. The choices of identity. *Social Identities* 1(1): (5-20).

Matthews F H

1991. The revolt against Americanism: Cultural pluralism and cultural relativism as an ideology of liberation. Pozzetta (ed.) 1991: 158-186.

Maybury-Lewis D (ed.)

1984. *The prospects for plural societies*, Proseedings, Ethnological Society.

Mouton J & D Joubert (eds)

1990. *Knowledge and method in the human sciences.* Pretoria: Human Sciences Research Council.

Nanda S & R L Warms

2002. *Cultural Anthropology.* Belmont: Wadsworth.

Nel C J

1981. Etnisiteit in RSA en internasionale verband verreken. *Rasse-verhoudinge 1980: Aspekte van 'n nuwe staatkundige bedeling*, Deel 3. Pretoria: SABRA

Nuttall S & Michael C-A (eds)

2000. *Senses of culture. South African Culture Studies.* Oxford: University Press.

O'Brien O

1996. Ethnic Identity, gender and life cycle in North Catalonia. Goddard *et al.* (eds). 1996: 191-208.

Pauw B A

1980. Recent South African Anthropology. *Annual Review of Anthropology* Vol. 9: 315-338.

Peoples J & G Bailey

2000. *Humanity. An introduction to Cultural Anthropology*. Belmont: Wadsworth.

Pfeffer G & D K Behera (eds)

1997. *Contemporary society: Tribal studies*, Vol 1. New Delhi: Concept Publishing Company.

Pont A D

1991. Afrikanerdenke oor homself en sy bestemming. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 42(3&4): 42-54.

Pozzetta G E (ed.)

1991. *American immigration and ethnicity*. New York: Garland Publishing, Inc.

Pratt S B

1998. Ritualized uses of humor as a form of identification among American Indians. Tanno & Gonzalez (eds) 1998: 56-79.

Raath A W G

1991. Waarom 'n Afrikanerstaat? *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 42(3&4): 55-62.

Redfield R, R Linton & M Herskovits

1936. Memorandum on the study of acculturation. *American Anthropologist* Vol. 38: 149-152.

Rhodie N J

1969. *Apartheid and racial partnership in Southern Africa*. Pretoria: Academica.

Roosens E E

1989. *Greating ethnicity. The process of ethnogenesis*. London: Sage Publications.

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

1969. *Die waardes van die Afrikaner*. (Referate gelewer by die Jaarvergadering van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1969, Bloemfontein). Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Sarkar A

1995. Ethnic conflict: Unrest among Autochthons of Jharkhand. *Social Change*, 25(4): 70-73.

Schieffelin B B, K A Woolard & P V Kroskirty (eds)

1998. *Language ideologies. Practice and Theory*. Oxford: Oxford University Press.

Schoeman M J

1980. Die betekenis van ras, volk en staat vir volke-verhoudinge. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 31(4): 107-113.

Segar J

1989. *Fruits of Apartheid. Experiencing 'Independence' in a Transkeian Village*. Bellville: Anthropos Publishers.

Seligman C G

1968. *Races of Africa*. London: Oxford University Press.

Seymour-Smith C

1992. *Macmillan dictionary of Anthropology*. London: Macmillan Press Ltd.

Sharp J S

1981. The roots and development of Volkekunde in South Africa. *Journal of Southern African Studies* 8(1): (16-36).

1988. Ethnic group and nation: The apartheid vision in South Africa. Boonzaier & Sharp (eds). 1988: 79-99.

Shils E

1957. Primordial, personal, sacred and civil ties. *British Journal of Sociology*. 8: 130-145.

Slabbert F Van Zyl

1999. *Afrikaner Afrikaan - Anekdoten en Analise*. Kaapstad: Tafelberg.

Sökefeld, M. 1999. Debating Self, Identity and Culture in Anthropology. *Current Anthropology*. Vol 40(4), 417-447.

Spain D H (ed.)

1975. *The human experience. Readings in sociocultural Anthropology*. London: The Dorsey Press.

Spiegel A D & P A McAllister (eds)

1991. *Tradition and transition in South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Stanton G

1996. The play of identity: Gibraltar and its migrants. Goddard, Llobera & Shore (eds) 1996: 173-190.

Stolcke V

1995. Talking culture – new boundaries, new rhetorics of exclusion in Europe. *Current Anthropology* 36(1): 1-24.

Strauss D F M

1999. Volk en staat op die kruispad van differensiasie en ontsluiting. *Acta Varia*, C R Swart-gedenklesing 32. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Strydom S L

1982. Die Afrikaner en sy kultuur: 'n Volkekundige verkenning. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 33(2): 53-62.

Swart M

1981. Die Afrikaner en sy identiteit. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 32(4): 72-85.

Tanno D V & A González

1998. Sites of identity in communication and culture. Tanno & González (eds) 1998: 3-7.

Tanno D V & A González (eds)

1998. *Communication and identity across cultures*. London: SAGE Publications.

Tarifa F

1997. The language paradigm in contemporary social theory: Marx, Habermas, and Bourdieu en comparative perspective. *Journal of Social Sciences* 1(4): 245-253.



Tatz C M

1962. *Shadow and substance in South Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Theodorson G A & A G Theodorson

1969. *A modern dictionary of Sociology*. New York: Barnes & Noble Books.

Thom H B

1969. Ons historiese vorming. SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 1969: 21-43.

Thomas H M B

1992. Verligting. Cloete (red.) 1992: 549-550.

Thornton R

1988. Culture: A contemporary definition. Boonzaier & Sharp (eds) 1988: 17-28.

1990. Recent trends in the theory of culture. Mouton & Joubert (eds) 1990: 114-138.

2000. Finding culture. Nuttall & Michael (eds) 2000: 29-48.

Timmerman C

2000a. The revival of tradition, consequence of modernity: The case of young Turkish women in Belgium. *Folk* 42:83-100.

2000b. Muslim women and nationalism: The power of the image. *Current Sociology* 48(4): 15-27.

Traube E G

1996. "The popular" in American culture. *Annual Review of Anthropology* 25: 127-151.

Trigg, R. 1985. *Understanding social sciences*. Oxford: Basil Blackwell.

Tumin M M

1964. Ethnic group. *Dictionary of social sciences*. New York: Free Press.

Urciuoli B

1995. Language and borders. *Annual Review of Anthropology* 24: 525-546.

Van Coller H P (red)

*Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: Van Schaik.

Van den Berg C L

1983. Selfbeskikking in die lig van die bybel. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, 34(1): 17-27.

Van den Berghe P L

1965a. *South Africa; a study in conflict*. Middletown: Wesleyan University Press.

1965b. *Africa; social problems of change and conflict*. San Francisco: Chandler.

Van der Merwe H W (red.)

1975. *Looking at the Afrikaner today*. Cape Town: Tafelberg.

Van der Walt B J

1978. 'n Vergelyking tussen Bantoesdenke en Westerse denke. 'n Voorlopige verkenning. *Kontak en kommunikasie: Aspekte van die ontmoeting tussen die Swartman en Blanke in Suider-Afrika*. Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O. Reeks F: Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit. 1-38.

Van der Wateren H

1980. Volksidentiteit as die grondslag van vreedsame naasbestaan. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 30(4): 100-105.

Van Jaarsveld F A

1959. *Die ontwaking van die Afrikaner nasionale bewussyn*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Staden C

1997. Cultural studies and literary theory: issues of textuality and communication. *Acta Academica* 29(3) 14-33.

Van Vuuren C J

1997. From "Volkekunde" to advocacy: A Reflexive view on fieldwork and involvement during the Kwandebele unrest of 1986. *Research by the National Cultural History Museum* (6) 135-151.

Van Warmelo N J

1974. The classification of cultural groups. Hammond-Tooke (ed.) 1974: 56-84).

Van Wyk D J C

1979. Die Christen en Volksidentiteit. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 31(2): 38-49.

Venter J F

1991. Die verligte Afrikaner as agent en handlanger van die liberalisme. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 42(1&2): 8-17.

Vorster J D

1976. Die aard en omvang van die kerk se taak t.o.v. rasseverhoudinge. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 27(2): 30-34.

Webster D

1991. Abafazi Bathonga Bafihlakla: Ethnicity and gender in KwaZulu border community. Spiegel & McAllister (eds) 1991: 243-271.

Whiteley W H

1971. A note on multilingualism. Ardener (ed.) 1971.

Wicomb Z

1998. Five Afrikaner texts and the rehabilitation of whiteness. *Social Identities*.  
4(3):363-384.

Wolf E R

1994. Perilous ideas race, culture, people. *Current Anthropology*. 35(1): 1-12.

Woolard K A

1998. Introduction: Language ideology as a field of inquiry. Schieffelin *et al.*  
(eds) 1998: 3-50.

Woolard K A & B B Schieffelin

1994. Language ideology. *Annual Review of Anthropology* 23: 55-82.

*De Kat* 2000-03

*Die Burger* 1999-09-16

*Rapport* 2002-04-16